
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Volgens die geskiedenis is die hoogste offer wat vir jou volk gebring kan word jou LEWE.*

# Die O.B.



*Volgens die party-politiek is die hoogste offer wat vir jou volk gebring kan word jou KRUISIE.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 16 SEPTEMBER 1942. No. 45.

## Gesagstaat van Ossewabrandwag Sal Ware Volksregering Wees

**Wat bedoel die Ossewabrandwag as hy praat van die gesagstaat wat hy vir die Afrikanerdom beoog en in hoever gaan die individuele vryheid van sowel die enkeling as die verskillende lewenskringe deur hierdie gesagstaat in bande gelê word?**

Om hierdie vraag te beantwoord moet ons baie duidelik stel wat die rigting en ideaal van die Ossewabrandwag is. Is dit 'n stelsel wat ons beoog of is dit iets meer as 'n blote stelsel wat die grondslag van ons strewe vorm? Sonder aarseling kan ons sê dat in die wese van die saak dit nie gaan om die een of ander staatstelsel of vorm nie. Dit gaan oor 'n **lewenshouding.** Die stryd vandag in die wêreld gaan nie tussen twee teenoormekaarstaande stelsels, b.v. 'n demokrasie teenoor 'n diktatuur nie. Dit gaan oor twee lewenshoudinge of gesindhede. Die een is die gesindheid van die liberalisme wat wortel in die Franse Revolusie met sy geloof in die vryheid van die enkeling. **Hierdie gesindheid of lewenshouding het vir homself 'n stelsel geskep waarin hy sy beginsels tot uiting kon bring.** Hierdie skepping is die demokrasie, wat dus 'n **produk** is van die liberalistiese gesindheid.

Nou is daar mense wat meen dat ons liewer nie moet praat van die demokrasie wat verkeerd is nie, maar van die liberalistiese demokrasie, omdat ons voorouers teen die despote van hul tyd moes stry vir die volksvryhede wat later beliggaam sou wees in die demokrasie. Ons sien geen rede waarom daar oor byvoeglike naamwoorde stryd gevoer moet word nie. Die demokrasie soos ons hom vandag ken is die konsekwente skepping van 'n bepaalde geestesrigting en as daar vrees bestaan dat die kind saam met die badwater uitgewerp sal word, d.w.s. die volksvryhede saam met die demokratiese naam of stelsel, dan is dit beter dat ons ons Calvinistiese vryheidsbeginsels so gou moontlik met 'n naam en stelsel beklee wat 'n suiwerder begrip weergee as dié wat tans in onguns verval het. Daarom praat die Ossewabrandwag ook nie meer van **ware** demokrasie nie, maar van **volksregering.** Die gesagstaat van die toekoms sal 'n ware volksregering wees, **d.w.s. 'n regering wat naas die eer van God strewe om die welvaart en geluk van die volk te verseker.**

### LOTSGEBONDENHEID

En so kom ons al vanself by die gesindheid of lewenshouding wat die Ossewabrandwag beliggaam as die teenstander van die liberalistiese lewensrigting met sy skepping die demokrasie. Hierdie gesindheid is dié van lotsgebondenheid teenoor die van persoonlike vryheid en selfstandigheid. Dit is die twee botsende gedagtes vandag in die wêreld. Aan die een kant staan die demokrasie met sy geloof aan persoonlike selfstandigheid wat glo aan die goddelike reg van die enkeling (soos daar vroeër geglo was aan die goddelike reg van heersers). Teenoor hom staan die gedagte van lotsgebondenheid wat uiting vind veral in twee rigtings. Die een sluit hom aan by die nasionale of volksgedagte, die ander by die klasgedagte. In Europa ken ons hulle as die nasionaal-sosialistiese rigting en die kommunistiese rigting. Net soos die nasionaal-sosialistiese rigting glo ook die kommunisme aan die idee van lotsgebondenheid (hoewel sy eindideaalstelling ook liberalisties is) maar hy beperk sy lotsgemeenskap tot dié van die werkende klas dwarsdeur die wêreld. Hy wil 'n magstaat in die lewe roep ten behoewe van die werkersklas wat moet dien as oorgang tot die gesaglose staat van sy toekomsideaal.

Die nasionaal-sosialistiese rigting beperk hom weer tot die nasionale volk en is daarom verhewe omdat hy gees en stof wil verenig. **Albei hierdie rigtinge is gebore as reaksie teen die liberalistiese demokrasie waar reg en geregtigheid moes wyk vir die belang van die enkeling, en die diensgedagte vervang is deur die winsgedagte.** Die demokrasie het homself ontplooi tot sy volheid wat uitgeloop het op 'n totale selfvernietiging, want die individuele vryheid vir almal het ontwikkel tot 'n verslawing van die meerderheid en die baasskap van die kapitalistiese despote.

Die Afrikanervolk moes kies nie tussen die oue of die nuwe nie, want die oue was besig om homself te vernietig, maar tussen die twee reaksionêre rigtings. **Ons moes kies of ons staan vir die lotsgemeenskap binne die werkersklas of die lotsgemeenskap binne die volk, en die Ossewabrandwag het namens die Afrikanerdom die laaste gekies, en wat dit betref staan hy op een voetstuk met die volkere in Europa wat dieselfde keuse gedoen het.**

### ONS EIE

Die keuse wat die Ossewabrandwag gedoen het was in ooreenstemming met sy Calvinistiese lewensbeskouing. Dit gaan uit van die geloof dat daar verskillende volkere geskep is elk met 'n afsonderlike roeping in die wêreld. Die taak wat hierdie volksbeweging homself op die skouers geneem het, was dus om die nasionale roeping van die Afrikanerdom te help verwesenlik, **d.w.s. om ons volk so te organiseer op alle terreine van die lewe dat hy in staat gestel sal word om sy bestemming as volk te bereik en sy roeping te vervul.**

Staatkundig moet ons volk so georganiseer word dat daar die nodige gesag sal heers om sy taak vir hom moontlik te maak. Sonder gesag kan daar geen geregtigheid bestaan nie, want ná die sondeval moes die reg met dwang toegepas word waar dit voorheen deur die liefde geskied het, en sonder geregtigheid kan geen volk of enkeling 'n roeping vervul nie, want roepingsvervulling is ook die uitlewing van reg en waarheid.

**Die taak van die gesagstaat is dus in kort om reg en waarheid toe te pas en om die moontlikhede te skep vir sowel die volk as geheel as die volksgenote afsonderlik om 'n roeping te vervul.** Naas die beginsel van geregtigheid aanvaar ons die beginsel van diens, die dienende liefde. **Die staat moet dus ook die moontlikhede skep vir sy volksgenote om diens te lewer.** So sal die staat by voorbeeld nie toelaat dat 'n boer sy lemoene aan die bome laat vrot of dit begrawe nie omdat hy nie 'n goeie prys daarvoor kan kry nie. Die lewering van vrugte aan sy volk is 'n vorm van diens, en dit moet nagekom word. Liefde is egter iets wederkerigs en die staat sal sy gesag gebruik om toe te sien dat daardie boer so 'n mate van vergoeding vir sy diens ontvang dat hy 'n gelukkige en kommervrye bestaan kan voer.

Ons aanvaar ook die beginsel van gesonde gesinslewe en daarom sal die staat sy gesag gebruik om dit vir elke persoon moontlik te maak om in die huwelik te tree, en om kinders te hê en goed op te voed. Hiermee hang weer baie saam. Eerstens sal die staat belet dat huwelike plaasvind tussen mense wie se samevoeging 'n skending van die goddelike ordinansie is. Gemengde huwelike kan dus nie geduld word nie. Tweedens sal die staat toesien dat daar geen geldelike hindernisse in die pad van jong pare staan nie. Geboorte moet aangemoedig word deur die verskaffing van voordele aan kinderryke gesinne. Sy gesag moet die staat verder gebruik om die kind se opvoeding te verseker en toe te sien dat die onderwys in oor-

(Vervolg op bls. 2, kol. 1)



## Gesagstaat van Ossewabrandwag

(Vervolg van bls. 1)

eenstemming is met die karakter en aard van die volk. So kan ons aanhou.

Die belangrikste feit is egter dat die nuwe gesindheid bekommer is nie oor die een of ander stelsel as sodanig nie, maar oor die toepassing van reg en waarheid en meer bepaald —as reaksie teen die liberalisme—die reg en waarheid van die volk. **Met so 'n gesindheid kan daar natuurlik geen sprake van willekeurige tirannie of onderdrukking wees nie. Die gesag van die staat, gegrond op hierdie lewenshouding, kan dus nie gewetensvryheid inkort nie, want sy doel en strewe is volksgeluk en sonder gewetensvryheid kan daar geen geluk wees nie. Dit is gesag met liefde en nie meer gesag met geld nie — soos in die demokratiese verlede.**

'n Moontlike gevaar in hierdie rigting lê daarin dat die volk as maatstaf van reg en waarheid geneem kan word, d.w.s. dat as reg aanvaar word dit wat goed is vir die volk **in 'n onbegrensde sin.** Soiets kan by voorbeeld uitloop op imperialisme omdat uitbreiding van gebied in belang van die volk kan wees en daarom as reg beskou moet word. Veiliger is dit om te sê dat alles wat skadelik is vir die volk is onreg, want ons glo dat die volk 'n plek in die skepping het en dus gehandhaaf moet word. **Hierdie gevaar van volksabsolutisme kan egter alleen bestaan waar die Calvinisme gewyk het, want die Calvinisme gaan uit van die grondgedagte dat God soewerein is en dat waarheid en reg in die eerste instansie gehandhaaf moet word terwille van Hom, en juis omdat Hy dit verlang moet die volk beskerm en bevorder word. En die Ossewabrandwag aanvaar die Calvinisme as 'n volkseiendom.**

En hier lê die taak van die Kerk in die nuwe staat. Die plig van die Kerk moet wees om die suiwere beginsels te verkondig en daardie beginsels diensbaar te stel aan die gesag van die staat. Op dié wyse kan daar harmonie in ons volkslewe bestaan, want harmonie of ewewig is waarheid en reg. As volksbeweging sal die Ossewabrandwag dus as hoekstene neem die toepassing van reg en waarheid en binne daardie grens lê ook die hoogste mate van volksgeluk en nasionale verwesenliking.

### *ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*


**W. VOIGT BPK., HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

***Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.***

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**


## WATTER SOORT REPUBLIKEIN?

„Watter soort republikeine is dit wat die republikeine in die grootste republikeinse beweging in die land beveg?" So het genl. J. C. G. Kemp, medeleier van die H.N.P., op Burgersdorp gevra.

Nadat dr. Malan al sy volgelinge gevra het om by die Ossewabrandwag aan te sluit, is van Party-kant herhaalde maal beweer dat 90 persent van die O.B. se lede ook lede van die Party is. **Dus, die verhouding tussen die O.B. en die Party, sover dit getalle betref, was op sy minste 100 teenoor 90. Die O.B. was dus die grootste republikeinse beweging.**

**Dr. Malan het 'n ultimatum aan hierdie „grootste republikeinse beweging" gerig en dit met 'n oorlog opgevolg wat „kort en beslissend" moes wees.**

Saam met genl. Kemp herhaal ons die vraag: Watter soort republikeine is dit wat die grootste republikeinse beweging in die land beveg?


## KORRESPONDENSIEKURSUS

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhde gratis van: **Unie-Boekhou-kollege, Posbus 32, Alexandria.**

**DE KOCK se GARAGES**

**Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl.** | **Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.**

***Eienaar: D. D. DE KOCK***

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

**VOLKSKAS IS U EIE BANK!**

Die Volk se Bank.

***Fondse oorskry £2,000,000***

**Hoofkantoor:**

**Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA**

**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**

**(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)**


## IN DIE TRONK

Hoewel ons weens gebrek aan plaasruimte nie gediggies kan plaas wat ons toegestuur word nie, maak ons 'n uitsondering in die geval van onderstaande pennevruggie van 'n gevangene wat wag op verhoor. Dit is 'n treffende uitbeelding van die gebeurtenislose verlatenheid van die tronklewe.

### DIE TRONKDAG.

*Die geklink van sleutels; die geknak van*
*slotte,*
*Dis seldeure wat oopruk — 'n ander dag!*
*'n Bulderende stem: „Seksie aandag!"*
*Doodse stilte — vergete gevangene!*
*Verby die inspeksie. Donderende geluide!*
*Dis seldeure wat toeslaan... die end van 'n*
*dag.*


## Schoemannello - Drank

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/5 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

**Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

**BESTEL VAN**

**JURGENS SCHOEMAN**

**POSBUS 142, OUDTSHOORN.**

## SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

**DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.**

V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:

Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roeteksarte.
'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

**DIE HOOFBESTUURDER,** Bus 2043, Kaapstad.

**DIE TAKBESTUURDER,** Bus 1093, Johannesburg.

**DIE TAKBESTUURDER,** Bus 383, Bloemfontein.

# „Sterkte van O.B. in Transvaal Ses Maal Dié van Party”

## Genl. Jerling oor Owerheid se Magsmisbruik

**Op geesdriftige vergaderings van oor die tweehonderd elk te Balfour en Heidelberg het genl. J. D. Jerling, A.K.G. van Transvaal, op die tirannieke magsmisbruik van owerheidsweë gewys en aangetoon hoe selfs aangeklaagdes daardeur veronreg word. Die veldkornetskap van Balfour het 'n funksie gehou wat £50 opgebring het.**

Genl. Jerling het verwys na die vervolging wat die Ossewabrandwag vandag moet verduur en melding gemaak van die internering van genl. O. L. Nel, A.K.G. van Natal, en mnr. Muller, 'n kranige kommandant van Springs, waar hy ook stadsraadslid was. Toe ek hom te Marshallplein opgesoek het was komdt. Muller se boodskap aan sy kommando: „Sê vir my mense dit is maar 'n baie klein opoffering vir wat voorlê; ek het nog steeds 'n onwrikbare vertroue in die Ossewabrandwag en sy leiding. Graag sou ek meer wou doen vir my Volk,” het genl. Jerling verklaar, waarop die skare op albei vergaderings uit volle bors hulde gebring het aan genl. Nel en komdt. Muller.

Voorts het hy gewys op die vervolging en onreg wat die Afrikaner vandag in sy eie land moet verduur terwyl die Regering meer en meer witvoetjie soek by die kommunis en die kafferboetie. In ons groot stede vier die kommunisme vandag hoogty, veral onder die naturelle en kleurlinge en die swart gevaar neem by die dag toe.

Vryheid het die Afrikaner nog nooit geken sedert die demokrasie en die politieke partystelsel 40 jaar gelede saam met die Engelsman die land ingekom het nie, en vandag vind daar die gruwelikste vernedering en onderdrukking van Afrikaners onder die naam van demokrasie plaas. Sonder 'n skyn van 'n verhoor word vryheid- en vaderlandsliewende burgers uit hulle familiekringe gegryp en in kampe gesmyt; van ons geregshowe word 'n klug gemaak, en in die daelikse lewe word die Afrikaner op allerlei maniere vervolg en verneder.

### VOORBEELD

**As voorbeeld kan ek maar noem hoe dit met die sensorering van my briewe gaan: In my persoonlike geval word daar nie eers die beleefdheid getoon om die gebruiklike etiket te plak op briewe wat oopgemaak is nie. Nee, die briewe word gestoom en die inhoud uitgehaal. Oor 'n tydperk van dae word die inhoud dan ondersoek en in party gevalle gefotografeer. Daarna word die briewe weer sorgvuldig teruggesit in hul koeverte na 'n oponthoud van enige dae, maar sommige kom nooit by die bestemde adres uit nie.** So het dit al gebeur dat sommige briewe na 'n tydperk van meer as 'n maand by my uitkom en ander spoorloos verdwyn.

Selfs dokumente wat ek in my regspraktyk voor die howe van die land moet gebruik is nie hierteen gevrywaar nie. Ek het al met die polisie daaromtrent gepraat maar dit help niks. Briewe en dokumente wat na Ossewabrandwag-offisiere gepos word, word onderskep en verdwyn spoorloos.

**Onlangs moes ek in 'n appèlsaak verskyn waarin vier Afrikaners, insluitende die twee jong Afrikaners Visser en Van Blerk wat onlangs ter dood veroordeel is, betrokke was. My prokureur het die opdrag en kennisgewings aan my van Springs af gepos, maar dit het tot vandag toe nog nie by my uitgekom nie. Die gevolg was dat toe die saak in die Hooggeregshof geroep is, daar geen verskyning vir die vier Afrikaners kon wees nie, en die eerste wat ek van die appèl verneem het was in die koerant.**

Dit is wat vandag onder ons pragtige demokratiese stelsel plaasvind en gedurig moet ons in die koerante lees hoe daar geveg word om dit te behou. Na onophoudelike aanvalle op die Ossewabrandwag vir meer as 'n jaar moet ons nou verneem dat die H.N.P. ook veg vir die behoud van die demokrasie. Nou vir die eerste maal word dit duidelik waarom een „groot offensief” na die ander op die Ossewabrandwag geloods is. Maar hulle het hulself te pletter geloop teen die Ossewabrandwag soos ek kan bewys met syfers.

### SES MAAL STERKER

Die Ossewabrandwag is kragtig en groei nog steeds by die dag. Nou dat die H.N.P.-leiers hulle ten gunste van die demokrasie verklaar het, sal hy nog meer groei, want 90% van die H.N.P.-lede is vandag anti-demokrate en gaan hulle nie langer laat verlei nie. Ons hoor so baie van partykant dat die Ossewabrandwag nog maar net 'n geraamte is, maar die skoen is aan die ander voet. **In Transvaal is die Ossewabrandwag vandag ses maal so sterk as die H.N.P. en die party sal geen enkele setel wen sonder Ossewabrandwag-hulp nie.**

Kyk maar net na die syfers van die Noodhulpfonds. Vir twee jaar was die Ossewabrandwag van Transvaal die enigste in die veld om deur middel van 'n fonds vir die afhanklikes van geïnterneerdes te sorg. Skielik moes die H.N.P. vir politieke propaganda ook 'n fonds vir hierdie doel stig. Met groot lawaai het hulle die bedrae in hul pers verkondig, maar toe hulle sien hoe ongunstig dit met die Ossewabrandwag se poging vergelyk, het hulle dit gestaak. **Transvaal se Ossewabrandwag alleen met £8,000 het tweemaal soveel as die H.N.P. in al vier die Provinsies ingesamel. Daarby moet nog kom £4,000 van die Ossewabrandwag in Kaapland, £3,500 van die Vrystaat en 'n aansienlike bedrag van Natal.**

Op 8 Augustus het die Ossewabrandwag van die Rand alleen oor die £2,000 ingesamel. As daar dus na die Ossewabrandwag verwys word as 'n geraamte onthou dat daardie geraamte 'n geweldige sterk rugstring moet besit.


Ons Posbestelling-Afdeling
Beweeg daeliks.
Om uself te oortuig
Bestel van ons
K.M.B.

Silva Mans- en Seunsuitrusters

Fluweel Rybroeke £4-15/-
Bestel vroegtydig
Voorrade
Beperk
Stuur u mate

So pas ontvang 'n pragtige reeks Somerpakke; kom koop vroegtydig. Voorrade baie beperk.

TOT U DIENS !

SILVA (Edms.) Bpk.
ORION-GEBOU
Voortrekker-Weg 386 A
CAPITAL PARK
PRETORIA



SASBANK
Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.



ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaartjie tot geleerde Dissertasie, word onderneem.

*HOU KOERS NA*
Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*



Kotzé

DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*
*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 16 SEPT. 1942.

# Staatsmag Sonder Parlement

'n Tydjie gelede het ons die mening uitgespreek dat daar geen verkiesing aanstaande jaar gehou sal word nie en na die jongste uitlatings van Regeringskant sien ons nog geen rede om van standpunt te verander nie. Die dienstyd van die huidige parlement loop teen die helfte van aanstaande jaar ten einde, maar dit berus uitsluitlik by die Regeringsparty om te beslis wanneer en of daar 'n verkiesing gehou sal word. **Die huidige bewindvoerders het reeds op ondubbelsinnige wyse getoon dat dit by hulle nie gaan om die wettigheid of regverdigheid van 'n saak nie, maar bloot om die nuttigheid vir hulself en die Empire wat hulle dien.** As dit vir hulle voordelig is om iemand in die tronk op te sluit, doen hulle dit al is dit in stryd met die eerste beginsels van geregtigheid en menslikheid. As dit vir die Empire voordelig is dat 'n soldaat uit die tronk losgelaat moet word, doen hulle dit of dit nou inmenging in die toepassing van die reg is of nie.

As daar dus van 'n verkiesing gepraat word, hang dit geheel en al af van die nuttigheid daarvan vir die Regeringsparty. Nou het daar van Regeringskant enersyds uitlatings gekom wat voorgee dat daar 'n verkiesing gehou sal word en andersyds dat daar geen verkiesing gehou sal word nie. Dit dui geen besluiteloosheid by die Regering aan nie. Die Regering het reeds klaar besluit wat hy gaan doen. **Hy sal geen verkiesing uitskryf voordat die oorlog nie so in sy guns gedraai het dat hy hom met vertroue tot sy ondersteuners kan wend nie.**

Daar is vandag ontevredenheid oor die Regering se oorlogsbeleid in sy eie kringe en daar word openlik in die Engelse pers gesinspeel op onbekwaamheid in die kabinet. Die gevolge van sowel die wanbestuur van die oorlog as die misleidende voorwendsels het 'n louheid by Regeringsvolgelinge laat ontstaan wat genl. Smuts reeds genoop het om hardop te kla. 'n Verkiesing sal noodwendig oor die vraagstuk van voortsetting van die oorlog gaan, en waar hierdie onverskilligheid by 'n groot deel van die oorlogsgesindes reeds bestaan, kan die Regering nie geesdriftige steun van hulle verwag nie tensy hy met oorlogsresultate kom wat hul geesdrif weer gaande sal maak, **en daardie resultate kan alleen wees 'n nederlaag van die Spil.** Voordat die oorlog dus nie 'n gunstige keerpunt vir Engeland bereik het nie, hoef ons geen verkiesing te verwag nie, en daarom hou ons ons by die standpunt dat daar vir die duur van die oorlog nie weer 'n verkiesing sal wees nie.

**Propaganda.**

Die Regering kan egter nie waag om hierdie beleid openbaar te maak nie. Om staande te bly moet 'n party geesdrif verwek en behalwe 'n oorlog is daar niks wat soveel geesdrif in die partypolitiek verwek as juis 'n verkiesing nie. **Terwille van sy eie bestendigheid dus is die Regeringsparty genoodsaak om die moontlikheid van 'n verkiesing aan sy volgelinge voor te hou. Dit moet dien om hulle warm te hou en die oorlogslouheid vir 'n groot deel te vervang met verkiesingshitte.**

Dat dit die geval is, word die beste bewys deur kol. Deneys Reitz se jongste uitlatings. Hierdie Adjunk-premier was nog altyd besonder openhartig met sy bedoelings en dit is ook van hom wat ons te hore gekom het van die groot „toeploeg"-plan ná die oorlog deur die invoering van 'n paar miljoen Britte na Suid-Afrika. **Nou het hierdie Minister weer in Barberton baie duidelik gesê dat hulle geen verkiesing gaan hou nie en al sou hulle een hou, sal hulle onder geen omstandighede die bewind aan die Opposisie oorhandig nie. Hulle gaan die oorlog eers „deursien".** Dit stem natuurlik ooreen met wat ons verlede keer ook gesê het, naamlik dat as daar persone aan Regeringskant is wat by die uitbreek van die oorlog bereid was om tot rebellie oor te gaan indien die Unie onsydig sou bly, hierdie persone nie weer die bewind uit hul hande sal laat glip nie. Dit is makliker om per stoomroller in die parlement 'n verkiesing uit te stel as wat dit is om as opposisie 'n rebellie te pleeg.

Hierdie uitlating van die Minister was in stryd met die Regering se beleid van geheimhouding, en daarom moes kol. Reitz 'n paar dae later weer 'n verduideliking gee waarin hy sê dat afgesien van wat hy verklaar het, „hy dit baie duidelik wil maak dat daar nog geen besluit oor die hou van 'n verkiesing geneem is nie, **en dat die Verenigde Party nie sy organisasie moet verslap nie.**"

Dit is dus duidelik dat die verkiesingspraatjies van die Regering blote propaganda vir sy party is, en dat alles daarop dui dat ons die huidige partybewind sal moet verduur tot die einde van die oorlog.

**Vrees.**

Nog iets wat ons bewering sterk, is die feit dat die Regering nie hierdie jaar partykongresse gaan hou nie. Snaaks genoeg het dieselfde koerante wat vas glo aan die verkiesing aanstaande jaar, heirdie besluit van die Regering vertolk as 'n openbaring van swakheid en vrees. Die Regering sou bang wees dat die geesdrif op sy kongresse sou afsteek by dié van die Opposisie. Ons neem aan dat dit die rede kan wees, maar dan versterk dit juis ons standpunt, want indien die Regering bang is om kongresse te hou, hoeveel te meer sal hy nie 'n verkiesing vrees nie!

Daar sal diegene wees wat wil beweer dat die Regering wel 'n verkiesing sal hou met die oog op die verdeeldheid in opposisiegeledere. Soiets sal geen oorweging wees nie **om die eenvoudige rede dat die verdeeldheid iets is wat buite die Regering se vermoë lê en wat dus te enigertyd herstel kan word in 'n oomblik van krisis.** Het die Regering eenmaal 'n verkiesing uitgeskryf en die opposisie-groepe geraak tot 'n ooreenkoms, kan die Regering dit nie meer voorkom nie. Binnelandse aangeleenthede op sigself, sal geen invloed uitoefen nie. Dit hang alles net af van die oorlogsmoontlikhede vir die Geallieerdes.

**Die uitlating van kol. Reitz illustreer weer op treffende wyse die waarheid van ons Kommandant-generaal se woorde dat die huidige krisis 'n buite-parlementêre krisis geword het deurdat die staatsmag nou buite die Volksraad setel en dat daar vandag dus 'n buite-parlementêre organisasie nodig is om die volk te beskerm.** Daarom is dit so noodsaaklik dat die Ossewabrandwag as die enigste politieke organisasie buite die parlement sterk gemaak moet word in sy stryd teen die Party-dwingelandy wat ons vandag beleef.

# „Partystelsel 'n Volslae Euwel en Mislukking" — Uitspraak van 35 Jaar Gelede

**Skerp kritiek wat ooreenstem met dié van die Ossewabrandwag vandag is reeds voor en kort na totstandkoming van die Unie van verantwoordelike kant geluig teen die partystelsel wat ons land van oor see binegevoer en derhalwe vreemd is aan ons volkskarakter.**

In sy boek „My Life and Times" wat in 1907 verskyn het, skryf ds. D. P. Faure, 'n man wat ook as objektiewe joernalis die politiek van naby leer ken het, die volgende oor die partystelsel (bls. 190):

„Ek kan die partyregering nie as iets anders beskou as 'n **volslae euwel en totale mislukking** nie. Uit die aard van die saak moet dit so wees, want die stelsel bring mee dat in plaas van as verteenwoordigers van die volk alleen die belange van die volk behartig word, die belange van die party die eerste en vernaamste oorweging is, met die gevolg dat almal vir die party is maar niemand vir die staat nie. **Die meerderheid van lede aan albei kante van die Huis kan oortuig wees dat 'n maatreël van die Ministerie onverstandig, onregverdig en skadelik vir die land se belange is, en tog stem die lede aan Regeringskant daarvoor en ondersteun hulle hul partyleiers liewer as om 'n ministeriële krisis te veroorsaak en toe te laat dat die lede aan die opposisiekant hul plekke inneem.** Op hierdie wyse gebeur dit dat vraagstukke voor die parlement nie volgens verdienste behandel word nie, maar met die oog op partybelange. Dit is begryplik dat in so 'n skyn-parlement 'n persoon wat deur die Regering veronreg is, geen hoop het om reg van die Parlement te ontvang nie."

Hy verwys dan na die geval waar mnr. Merriman 'n voorstel ingedien het teen die invoer van Sjinese, **maar hoewel daar in die hele Raad nie soveel as ses lede ten gunste van Sjinesearbeid was nie, is die voorstel verwerp omdat dit 'n mosie van wantroue in die Ministerie sou beteken het.** „In 'n saak wat gaan oor die voortbestaan of ondergang van Suid-Afrika, het die party oor die land getriomfeer," skryf hy. „Geen wonder dat daar gepraat word van die ‚politieke spel' as die welvaart van die land diensbaar gestel word aan die party nie."

Miskien is dit interessant om te meld dat hy voorgestel het dat in plaas van politici in die kabinet die permanente hoofde van die staatsdepartemente daardie posisies moet beklee, en hulle is dan verantwoordelik aan die Parlement.

Hy verklaar dan verder: **„Dit sal alleen 'n vermetele man wees wat beweer dat partyregering 'n sukses was in ons land.** Waarom moet nuwe state presiese nabootsings invoer van ouer lande se instellinge wanneer die omstandighede en toestande so baie verskil van die ou lande?"

Volgende keer sal ons die uitspraak gee van 'n Afrikaner kort na Unie waarin hy waarsku teen die partystelsel as iets vreemds en gevaarliks vir ons volk.

## FONDSDAGVIERING

Weenen (Natal) het 8 Augustus op geesdriftige wyse gevier deur reeds op die aand van die sewende 'n aanvang te neem met 'n kragtige toespraak van genl. E. B. Cadle. By dieselfde geleentheid is veldkte. A. S. Heine ingelyf as hoof van die vroue-kommando wat tans 'n afsonderlike eenheid geword het. Dus, vooruitgang!

Die volgende dag het mnr. P. R. Lötter die gehoor toegespreek. Die opkoms was baie goed vir die klein plekkie en die opbrengs van die dag was £40.


# DIT SPOOK

**DIE KAAPSTADSE O.B.-TONEELVERENIGING**

STEL VOOR

**Die Spook van Verlatenfontein,**

*deur F. W. Boonzaier.*

***8 OKTOBER, 8.15 n.m.***

**J. C. Hofmeyr-saal, Groote Kerkgebou.**

Plekbespreking by D. W. Pienaar se Haarsnysalon, Wandelgang, Groote Kerkgebou. Tel. 3-1047.

**Pryse: 2/6, 1/10.**

(Belasting Ingesluit).

# *Inhoud van „Berugte Pamflet" Geopenbaar: Partypolitieke Kronkelgange*

**Die Transvaler van 3 September deel sy lesers mee dat die redakteur van Die O.B. die opsteller is van die „berugte pamflet". Dit moet waarskynlik dien om lesers bevooroordeeld te maak teenoor alles wat in ons blad verskyn, want die H.N.P. en sy pers het die wêreld diets gemaak dat dit 'n besonder gemene soort pamflet was met 'n persoonlike aanval op dr. Malan. Nogtans het hulle dit nooit gewaag om die inhoud daarvan openbaar te maak nie, want die stok sou dan uit hul hande geval het.**

**Met die oog hierop is ons nou genoodsaak om die inhoud van die „berugte pamflet" openbaar te maak, en elkeen kan dan self oordeel oor die berugtheid of waarheid daarvan. Die aanhalings is almal geneem uit Die Burger of Die Volksblad — albei koerante wat dr. Malan nog konsekwent gesteun het — en lui as volg:**

„Sal die party waarvan dr. Malan die leier is vir ons 'n republiek verkry? Daaroor bestaan twyfel omdat dr. Malan in die verlede getoon het dat hy terwille van party-oorwegings binne enkele jare totaal van standpunt kan verander. Hier is 'n paar grepe:

1. Op 26 Julie 1915 sê dr. Malan op Malmesbury: „Wij willen een politiek van een vrij zelfstandig Afrikaner volk **onder die Britse vlag.**" (Die Burger 27 Julie 1915.)

2. Op 18 November sê dr. Malan op Ceres: „De Britse vlag in die handen der Nationale Partij is even veilig, indien niet veiliger dan met enige ander Partij." (Die Burger 19 Nov. 1915.)

Toe was die Britse vlag die veiligste in die hande van die Nasionale Party, maar kort daarna openbaar die volk 'n sterk republikeinse neiging en die party moet sy hoek dadelik na die republikeinse kant van die skuit afgooi:

3. Op 14 Julie 1918 sê dr. Malan op Prieska: „Er kan geen twyfel aan bestaan dat onafhanklikheid het gevaar weg neem dat Zuid-Afrika meegesleept zou worden in het maalstroom van het Europese militarisme." (Die Burger 15 Julie 1918.)

4. Intussen groei die republikeinse gevoel sterker aan, en dr. Malan voel hom genoodsaak om sy saak nog sterker te beklemtoon:

Op 1 September 1918 sê hy in verband met die beswaar dat die Engelse eers tot republikanisme oorgehaal moet word, dat „dit een onhoudbare stelling" is omdat dit die lot van Suid-Afrika in die hande stel van 'n minderheid. (Die Burger 2 Sept.)

5. So republikeins word die Nasionale Party dat hy in Januarie 1919 'n groot vryheidskongres in Bloemfontein hou waar besluit word om 'n deputasie na Europa te stuur **om die vryheid van Transvaal en die Vrystaat te gaan terugeis.** Dr. Malan was ook lid van die afvaardiging.

Dr. Malan sê: „Ons standpunt is dat ons in die feit dat die Unie bestaan, geen struikelblok wil sien in die doen van reg aan Transvaal en die Vrystaat nie. En die tweede oorweging is dat die Kaapprovinsie ook die reg het op die volle onafhanklikheid. As ons die Unie afbreek, breek ons dit af om dit opnuw op te bou en dit op 'n beter fondament, **want soos die Unie nou is, rus dit op 'n fondament van onreg.**" (Die Burger 17 Jan. 1919.)

Nou was dr. Malan bereid om selfs die Unie op te breek terwille van die vryheid.

6. Maar intussen nader 'n verkiesing. In plaas van voort te gaan met die republikeinse propaganda wat die Nasionale Party so sterk gemaak het, word daar nou gevry na die stem van 'n aantal Engelse in die Arbeidersparty. Daarom sê dr. Malan in Januarie 1921 op Malmesbury: „Die Nasionale Party staan pal by die konstitusionele verhoudinge soos hulle vandag is, en soos hulle deur lord Milner uiteengesit is. Die party sal nie die grondwet verander voordat die meerderheid van die volk dit wil nie. (Kyk punt 5.) (Die Burger 12 Jan. 1921.)

7. Op 29 Oktober 1922 sê dr. Malan op die Kaapse kongres: **„Republikanisme is nooit as partybeginsel aanvaar geword deur enige Nasionale Partykongres nie.** Die verste wat die party as party ooit gegaan het, was om op te kom vir die vryheid van elke burger om sy mening omtrent die beste regeringsvorm vir Suid-Afrika uit te spreek. **Selfs die Vryheidsdeputasie het nie vir 'n republiek gaan vra nie.** . . . As die party as party ooit republikeins sal wil word . . . het die Engelssprekende seksie die bepaalde versekering van die Nasionale leiers dat selfs as die party aan die bewind is, die teenswoordige regeringsvorm nie sal afgeskaf word nie tensy hulle dit ook verkies!!! (Kyk punt 4.) (Die Burger 1 Nov. 1922.)

8. In 1926 reik die Imperiale Konferensie op aandrang van genl. Hertzog 'n verklaring uit wat daarop neerkom dat die Unie 'n vrywillige lid van die Britse Statebond is wat saamgesnoer is deur 'n gemeenskaplike trou aan die Britse koning. Hierdie verklaring word deur genl. Hertzog en die Nasionale Party saam met hom vertolk as soewereine onafhanklikheid wat aan die Unie toegeken sou wees.

Dr. Malan hef op 6 Oktober 1927 'n loflied aan oor hierdie soewereine onafhanklikheid: „Die vryheid wat ons vandag besit, is groter as die vryheid wat die gewese Republieke van die Vrystaat en Transvaal besit het. **Om daardie rede sê ons ook vandag dat daar 'n end in Suid-Afrika gekom het aan wat die afskeidingsbeweging (lees republikeinse beweging) genoem is** . . . Hollandssprekende Suid-Afrika wat tevore nie in die Britse vryheid geglo het nie, glo vandag daarin as 'n werklikheid." (Die Volksblad 7 Okt. 1927.)

9. Op 14 September 1934 sê dr. Malan op Potchefstroom: „Wat die onafhanklikheid betref is genl. Smuts 'n Milneriet." (Kyk punt 6.) (Die Volksblad 15 Sept. 1934.)

10. Op 12 September 1939 sê dr. Malan op Porterville: „In ons leeftyd het dit nou al twee maal gebeur dat Suid-Afrika in groot oorloë getrek word, nie omdat ons rusie het met Engeland se vyande nie, **maar deur die Britse konneksie** . . . As ons nie onsydig kan bly met die Britse konneksie nie, sal ons onsydig bly sonder die Britse konneksie. **Daar is net een mikpunt en dit is 'n vrye republiek.**" (Kyk punt 3 en 8.) (Die Volksblad 13 Sept. 1939.)

As dr. Malan in 1918 besef het dat alleen 'n republiek ons uit die Europese oorloë kan hou, en drie jaar daarna staan hy weer „pal by die konstitusionele verhoudinge soos deur lord Milner uiteengesit", watter sekerheid het ons dat hy nie aanstaande jaar weer terwille van partybelange die republikeinse ideaal sal verloën nie? Hy het dit reeds eenmaal gedoen.

Totsover die „berugte pamflet".

Sedertdien het dr. Malan nog 'n parlementêre omwenteling deurgaan.

In Junie 1941 het hy 'n konsepgrondwet vir die republiek aanvaar (waarop hy nogal besonder jaloers was) waarin bepaal word dat die Republiek **Afrikaans** sal wees. Ses maande later in die Parlement het hy 'n voorstel ingedien vir 'n ten volle **tweetalige** republiek met gelyke politieke- en taalregte vir albei „seksies", **en selfs Die Burger het op die belangrikheid van die afwyking gewys.**

'n Mens kan dus die vraag stel of dr. Malan nou weer sy 1921-stadium bereik het? En die verkiesing lê glo nog voor!

Nogmaals wil ons beklemtoon dat dit nie dr. Malan is wat so koersloos is nie, maar die partypolitieke stelsel wat hy beskerm, eis dat hy hom moet aanpas by die wil en gril van sy bonte versameling kiesers, van wie se stem hy volslae afhanklik is.

## STUDENTE-KOMMANDO U.K. STIG STUDIEFONDS

### Lenings vir Behoeftiges

Aan die einde van 1941 het mnr. Joos Naudé, toenmalige kommandant van die Kaapstadse Studente-kommando, 'n studieleningfonds in die lewe geroep, waardeur die Universiteit Kaapstad-kommando 'n konkrete en opbouende bydrae tot die Ossewabrandwag as volksorganisasie kan lewer. **„Die oproep aan die studente om gedurende hul vakansie te werk of op ander maniere geld in te samel en die opbrengs aan die fonds te skenk, het besonder byval gevind.** Hoewel daar nog baie kort kom voordat lenings op die voorgestelde plan aan studente verleen kan word, het die offisiere-in-rade van die Studente-kommando dit goed geag om 'n komitee te benoem wat die reëls opgestel het met o.a. die volgende besonderhede:

Die doel is om verdienstelike en behoeftige studente finansiëel vir 'n gedeelte of die hele bedrag ten opsigte van boeke, fooie en losies, te steun. 'n Komitee vir die bestuur van die fonds sal saamgestel word uit die Kommandant en kwartiermeester van die Studente-kommando, en origens sal die offisiere-in-rade minstens een dosent van die Universiteit Kaapstad en twee ander lede wat die O.B. goedgesind is, by die begin van elke jaar aanstel.

Die lening sal jaarliks aan studente wat hulle in die medisyne of ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad bekwaam, op die vorige jaar se werk, toegestaan word. Die lening kan volgens die diskresie van die komitee gestaak word.

Rente sal teen 2% op die balans uitstaande van tyd tot tyd bereken word en tot die kapitaal bygevoeg word tot aan die einde van die studietermyn. Van die einde van die studietermyn af sal rente teen so 'n koers as wat die komitee bepaal, 6% nie te bowegaande, bereken word.

Hierdie lofwaardige poging van die O.B.-studente in Kaapstad om volksdiens te verrig, verdien die heelhartige samewerking van die volk, en waar hulle juis jong Afrikaners wil aanhelp in twee rigtings wat nog deur die Afrikanerdom verower moet word, behoort hulle die ruimste steun te ontvang van elke O.B.-lid.

## *MEER OFFERS VAN PENKOPPE*

Oralvandaan het ons berig ontvang van Penkoppe se offerdade. Helene Geldenhuys van Arbeidsgenot, Parow, het met breiwerk, oortrek van skouertjies en afstof die bedrag van £1 ingebring ten behoewe van die Noodhulpfonds. Haar sustertjie van vier jaar oud, Direen, het 3s. verdien deur af te stof waarvoor haar Mammie haar betaal het.

Mev. M. van Vuuren van Magersfontein, Modderrivier, stuur die name van drie Penkoppies, Bee, Martin en Izak wat elk 3d. voor die vakansie ontvang het om mee te woeker. Hulle het suiker en klapper gekoop en lekkergoed daarvan gemaak. Die opbrengs was 9s.

Anna Lombaard van Vroeggedeel, Olifantshoek, het £2-10-0 gestuur vir „die arm kinders wie se vaders in die interneringskampe is". Sy is tien jaar oud en het begin met 'n sjieling wat sy van haar Ouma gekry het.

Hertzogville se penkoppe het die bedrag van £8-10-9 vir die Noodhulpfonds byeengebring. Hulle tel 34 en voor die Junie-vakansie het hulle onder leiding van adj.-veldkte. Van Bergen en Strauss elkeen 6d. ontvang om mee te woeker. Hulle het baie ywerig gewerk en die volgende name word genoem: Sarah Bornman wat 17/9 ingebring het, Corrie van Wyk met 12/-, Beatrice van Rensburg met 10/-, Koos Joubert met 9/6, Willie van Bergen met 8/9 en Andries Joubert met 7/3.

## TWEE FRONTE

Gesê word dat daar twee fronte teen die O.B. is — die V-front en die H.N.P. of V.-front.

## GEORGE

Die generaalskap George het die bedrag van £322 op 8 Augustus ingebring, waarvan £110 van George self, £121 van Mosselbaai, £70 van Outeniqua, £11 van Knysna en £10 van Wittedrift afkomstig is.

'n Mooi skinkbord is deur komdt. D. Gerber gemaak wat deur die kommando van George aan die Kommandant-generaal geskenk is as aandenking vir die dag. Twee veldkornette het elk £5 verdien met 'n sjieling.

Hoofgenl. Jurgens Schoeman het by die verrigtings opgetree.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 4,187 | 19 | 2 |
| Vryheid-Kommando Oos-Londen .. .. .. | 9 | 12 | 0 |
| Voorpos-Kommando Oos-Londen .. .. .. | 14 | 15 | 6 |
| M. A. Lambrecht Muizenberg .. .. .. .. | | 1 | 0 |
| O. J. v. d. Merwe Muizenberg .. .. .. .. | | 1 | 0 |
| Wynberg Vroue-Kommando 2e Bydrae .. | 3 | 11 | 6 |
| Mnr. en Mev. P. L. Uys Postmasburg .. | 2 | 10 | 0 |
| Offergeld Hottentotsholland Vroue-Kommando | | 10 | 0 |
| Asst. Veldkornetskap Venterstad .. .. .. | 3 | 10 | 0 |
| Dorpswyk Middelburg K.P. Kommando .. | 3 | 10 | 0 |
| Vroue-Kommando Heidelberg K.P. .. .. | 7 | 9 | 3 |
| Die Vlakte Vroue-Kommando .. .. .. .. | 4 | 14 | 3 |
| Vriend van Namakwaland .. .. .. .. .. .. | 25 | 0 | 0 |
| | £4,263 | 3 | 8 |

DIE VOLGENDE PERSONE IN CLOCOLAN (O.V.S.) HET REGSTREEKSE BYDRAES TOT DIE NOODHULPFONDS GELEWER:—

Sef. van Rooyen £1; C. L. Viljoen 10/-; H. van Niekerk 3/-; G. Anderson 10/-; J. J. van Niekerk £1; A. E. van Niekerk 5/-; A. C. B. van Niekerk 10/-; Anton Ferreira 10/-; S. van Niekerk 12/-; M. Heyns 2/6; I. E. van Rooyen 5/-; Hansie van Rooyen 2/6; F. Duwenage 2/6; J. Viljoen 5/-; C. Groenewald 5/-; C. L. Viljoen 10/-; mnr. en mev. S. v. Jaarsveld 10/-; Helen v. Jaarsveld 2/-; Pierre v. Jaarsveld 2/-; O. Hugo 5/-; F. K. 5/-; D. Roux 2/6 G. van Niekerk 2/6; Viviers 2/6; F. O. Durow 5/-; C. J. Muller 5/-; D. van der Merwe 2/6; F. J. Brink 2/6; S. F. van Niekerk £1-0-6; per A. J. van Rooyen £2-11-0.

## GEBOORTE

LANDMAN. — Aan mnr. en mev. Karel Landman, Wakkerstroom, 'n fris Brandwag-dogter — klein Gerda — op 29 Julie. Naas die Heer ons innige dank aan dokter en verpleegsters.

## VERLOWING

BOSMAN — CONRADIE: Beatrix van Perdepan, Christiana, en Pieter van Kareeboskuil, Leeuwdoornstad, maak bekend dat hul verloof is.

SCHOEMAN — SCHOEMAN:— Vreugdeklokkies kondig aan dat die verlowingsbootjie van Johanna en Hekkie, altwee van Schoemanshoek, onder Gods leiding veilig voort vaar na die hawe van eenheid, geluk en voorspoed.

## DANKBETUIGING

RABIE. — Namens ons moeder en gesin wens ons hiermee die Brandwagte van die Worcesterse Kommando, hartlik te bedank vir die blyke van deelneming, met die heengaan van ons vader, **W. de Vos Rabie.**

,,Nonna" De Wet.

## KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakke-ton. 10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-. Vry gelewer Unie-stasies.
**J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

## PLAAS TE KOOP

PLAAS 33½ morg groot in Kirkwood. 17½ morg besproeibare landerye, 16 morg weiveld. Huis met 5 vertrekke, 2,000 lemoenbome in drag, 1942-oes. 5,500 uitvoerkiste. Opbrings van 1942-oes ongeveer van £900 tot £1,200. Prys £3,000 en helfte van oes. Doen aansoek by A. L. BELLINGAN, Kirkwood.

## SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE, om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. **Al 4/6, No. 1 4/-, fyn bottersout 6/6 per sak, 200 pond, fyn bottersout 3/6, 100 pond.** Gelaai Soutpan, **Martie Venter, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.**

## BENODIG

TWEE sakke eerste klas **Potchefstroom Pearl Mieliesaad.** Meld prys vir onmiddellike aflewering aan:—
**O. L. NEL, ,,Middleton," GREYTOWN, Natal.**

GEKWALIFISEERDE Vroedvrou. £8-10-0 per maand, kos en kamer vry. Moet dadelik begin. Beginnerverpleegster, £5 per maand, kos en kamer vry: **Auckland Park Verpleeginrigting, Walton Laan 13, Auckland Park, Johannesburg.**

## PATATRANKE TE KOOP

PATATRANKE van die beste gehalte word u aangebied teen 4/6 vir 83 lbs. 6-maande ranke; 4/- vir 45 lbs. 3-maande ranke; 4/- vir 45 lbs. borrie ranke, K.M.B.
**S. P. GERBER, P/S. Serpentine, Dist. George.**

PATATRANKE. — Mooi gespruite ses-maande ranke 4/6 per 85 lbs.; drie-maande wit 4/- 45 lbs.; Borrie 4/- 45 lbs. K.M.B. Gelewer Serpentine Sylyn.
**J. GERBER, P/sn., P.K. Hoekwil, Dist. George.**

## TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
**BUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.**

ARRAN CHIEF aartappelmoere, eier-grootte, 20/- per sak, K.M.B., gelewer George-Stasie. **M. J. Botha, No. 1, Blanco.**


**La Belle Alliance**

**Privaat Hotel.**

**DIE AFRIKANER SE TUISTE**

*alle moderne geriewe*

**Billike Terme**

**Eienares: Mev. P. J. RETIEF,**

**Foon 2-3833**

*Ons ontmoet alle Treine.*

**Kloofstraat, KAAPSTAD.**



**SPOORBONDKAS BEPERK sê VOORKOM TELEURSTELLING**

Slegs 'n geringe aantal
**,,B"-AANDELE**
**5% kumulatiewe voorkeuraandele**
teen £1 elk nog verkrygbaar. Dit is u laaste kans.

*Stuur navraagvorm onmiddellik.*

***Navraagvorm.***

Die Sekretaris, Spoorbondkas, Beperk,
Bus 8289, Johannesburg.

Waarde Heer,
Stuur my a.u.b. per kerende pos 'n aansoekvorm om aandele.
Die uwe,

Volle naam ........................................
......................................................
Adres ..............................................
......................................................



**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

**KAAPSTAD**

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.




VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
**DAMES-ROKKE**
besoek

**Steyns**

PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 91, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.


**'N VOORBRAND PRODUK**

*TANS IN VIER*

**VERPAKKINGS:**

GEEL — — — lig
BLOU — — middel
ROOI — — — populêr
GROEN — donkerpyp

**Voorbrand**
**Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.**

Kommissarisstraat 200

JOHANNESBURG



**Weet U?**
by
**KOLONIEWINKELS**
**Dames- en Mansuitrusters**

wag u....
**Geen Teleurstelling**
net........
**WINSKOPIES !!**

*NOU GEOPEN*
te
**Burgstraat 57, Kaapstad**



**O.B. Almanak**
**vir 1942**

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

**PRYS 9d. POSVRY**
**6/- PER DOSYN**

**O.B. MUSIEKBUNDELS**
2/6 elk, 3/6 insluitend 'n portret van die Kommandant-generaal.

Bestel van
**O.B.-HOOFKWARTIER,**
Voortrekkergebou 403,
**JOHANNESBURG, TVL.**



105 Takke
40,000 Lede
**AVBOB**
Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTEN